WETTIGE OOREENKOMS

Tussen

LEWENDE WOORD TARGET LIFE
(“Die institusie”)

en

_____
in sy/haar/hulle kapasiteit as **(“Betaler/borg”)**

_____
I.D. Nr.

getroud binne/buite gemeenskap van goedere/ongetroud

_____
name van eggenoot/eggenote

_____
I.D. Nr. Van eggenoot/eggenote

vir

_____
in sy/haar kapasiteit as **(“Student”)** en bygestaan deur sy/haar wettige voog (indien van toepassing)

_____
wettige voog

_____
I.D. Nr. van wettige voog

2012 WETTIGE OOREENKOMS

1. INLEIDING

Die institusie onderneem om die studente te onderrig in die Woord van God, lewensvaardighede te ontwikkel en bloot te stel aan avontuurleer. Ons gee erkenning aan vryheid van keuse wat vergessel word met meegaande verantwoordelikheid en gevolge. Studente dra die volle verantwoordelikheid van hulle gedrag. Die institusie neem verantwoordelikheid vir die toepassing van dissipline om ’n veilige georganiseerde omgewing te skep waarin die student kan ontwikkel.

2. OPSKORTING VAN HIERDIE OOREENKOMS

Hierdie ooreenkoms sal nie meer geldig wees indien die registrasiegelde van R 4000 nie betaal is teen 18 Januarie 2012 of die student nie aanmeld op die 20 Januarie 2012 met hierdie dokument geteken en geparafeer op elke bladsy, deur al die betrokke partye verwant aan die student en die student self nie. Target Life sal die ooreenkoms teken met inhandiging tydens die registrasie.

3. BINDENDE VOORWAARDES

Die betaler / borg verbind homself / haarself / hulle-self tot die stiptelike betaling van klasgelde en kommunegelde (indien van toepassing) soos uiteengesit hieronder. Indien ’n student die kursus te enige tyd verlaat vir enige rede, sal die betaler / borg nog steeds wettig verantwoordelik bly vir die stiptelike betaling van klasgelde en kommunegelde (indien van toepassing).

Die student verbind homself / haarself tot die onderhouding van die reëls van Target Life en die meegaande verantwoordelikhede en gevolge. Indien ’n student geskors word weens oortreding van die reëls sal die betaler / borg nog steeds verantwoordelik wees vir die volle vereffening van die uitstaande klasgelde, stiptelik volgens die betaalingskedule hieronder uiteengesit.

4. BETALING

Kostes

Die kostes vir die jaar 2012 beloop R 24,000 (Wat registrasiegelde insluit). Die kostes sluit alle klasgelde, kampgelde, ’n handboek en ’n DVD(s) van die jaar in. ’n T-hemp, baadjie en “buff” sal ook hierby ingesluit wees. Ander klere kan addisionaal aangekoop word. Die institusie gaan poog om rugsakke te leen aan alle studente afhangend van die getal studente wat inskryf. Kos vir die staptoer, padkos vir ekskursies en die eerste en laaste reisdag van sekere kampe, sowel as sakgeld vir die *“Journey”* en Winklespruit is nie hierby ingesluit nie. Vervoerkostes tussen die institusie se drie kampusse gedurende klastyd word nie ingesluit nie. Studente sal in die “Apprentice” groepe R2800 per persoon insamel onder leiding van die Target Life leierskap. Die R 2200 kampgeld vir Winklespruit sal die student se spaar projek wees. Die betaler / borg word nie hiervoor verantwoordelik gehou nie. Die student se sertifikaat sal teruggehou word as enige betalings nie ten volle vereffen is nie. Beweging tussen kampusse se frekwensie word met die studente gekontrakteer omdat dit baie dinamika bylas en hulle dikwels n hoër frekwensie aanvra.

Betalingskedule

Registrasiegelde van R4,000 moet voor 20 Januarie 2012 inbetaal word. Om ’n plek te verseker voordat die kursus vol is word aanbeveel dat die registrasiegelde so gou moontlike betaal word na keuring. Keuring word bevestig met ’n aanvaardingsbrief van die institusie.Die registrasiegelde is nie met kansellasie verhaalbaar nie. Verdere betalings vir die jaar moet voor of op die 3de van die maande Februarie tot September 2012 teen R 2,500 per maand vereffen word.

Die maandelikse bedrag van R2,500 kan op een van die volgende maniere betaal word:

1. Elektronies met voldoende verwysings en gepaardgaande epos / faks van bewys van betaling;
   Faks: 012 - 804 7256 ; epos: targetlife@lewendewoord.co.za
2. D.m.v. 'n eenmalige betaling;
3. Maandeliks per tjek/kontant.

5. INVORDERING

Uitstaande betalings ouer as 60 dae sal aan skuldinvorderaars (prokureurs) oorgegee word en rente teen ABSA se prima koers ten tye van die invordering sal gehef word. Uitstaande betalings kan daartoe lei dat die betaler / borg ge-"swartlys" word totdat die betaling gedoen is.

Indien die betaler / borg agter raak met betalings vanweë 'n finansiele krisis, moet hy / sy / hulle onmiddelik met met die intitusie in verbinding tree en 'n nuwe skriftelike onderneming voorlê. Indien die nuwe voorlegging aanvaar word sal dit die nuwe bindende kontrak word.

6. DIE REËLS

3. DIE REËLS/ GRENSE

Waarom reëls?

Target Life se reëls het ten doel om die kursus en sy mense te beskerm. Die reëls erken vryheid van keuse met die meegaande verantwoordelikheid en gevolge. Alle reëls word goed gemotiveer, sodat almal sal verstaan dat dit nie wetties is nie, maar uit liefde vir wat ons doen, ons studente, leiers en bowenal, die Here, wat 'n God van geregtigheid is.

'n *Target Life*-student staan vir die volle duur van die kursus (middel Januarie tot middel November) permanent onder die reëls van *Target Life*, omdat mense krities kyk na wat die kursus in studente se lewens inbou. Sekere reëls is ook daar om medestudente te help wat sukkel met versoekings waarmee jy dalk nie sukkel nie, en daarom geld die Bybelse beginsel dat ons nie iets gaan doen wat 'n medemens sal laat struikel nie.

Indien studente voel dat dit hulle eerste jaar uit die skool is en dat hulle nou met "dinge" moet begin eksperimenteer, mis hulle die hele punt van die *Target Life*-jaar en moet hulle dan nie vir die jaar inskryf nie. Nadat 'n student die *Target Life*-jaar met oorgawe gedoen het, sal hulle oor die volwassenheid beskik om goeie besluite oor die "dinge" te kan neem.

Die Here se beginsels staan vas en verander nie. God se koninkryk is ook nie 'n demokrasie nie. Die waarheid staan vas en verander nooit nie. Ons beywer ons om volgens Go se standaarde te leef.

***Target Life* staan vir geregtigheid**

Josua 24:15: "Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien *(sy beginsels te volg)*, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het *(menslike- of familietradisies)*, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon *(die wêreld se groepsdruk)*; maar ek en my huis *(Target Life en sy leiers)*, ons sal die HERE dien."

"Rules without consequences, is only advice!"

Klasse van oortredings en meegaande gevolge

Klas 0-oortreding:
Kan tot ’n onmiddellike skorsing lei.

Klas 1-oortreding:
’n Finale skriftelike waarskuwing wat met ’n herhaling van die oortreding tot skorsing kan lei. Dit is oortredings wat (op enige manier) vir medekursusgangers of die kursus self bedreigend is. Elke student sal goed bekend wees met die inhoud van hierdie reëls asook die gevolge daarvan.

Klas 2-oortreding:
’n Onderhoud met die leierskap en ’n herhaling van die oortreding kan dit ’n klas 1-oortreding maak. Dit is oortredings wat skadelik inwerk op die kursus, die groep of individu, maar tot so ’n mate dat dit deur mentorskap reggestel kan word.

Klas 3-oortreding:
Die oortreding word in die groot groep hanteer met insette van medestudente en leiers. Herhaling van die oortreding kan as ’n klas 2-oortreding beskou word. Dit is enige oortreding wat verhoudinge of die groepsgees beïnvloed of die groepsbelewenis en sekuriteit van medestudente belemmer. Vanuit die basis van ’n familie, kan medestudente mekaar onder goed gefasiliteerde omstandighede “challenge”.

Klas 4-oortreding:
Sal op meriete hanteer word.

Boetes
Boetes neem toe met elke volgende oortreding van dieselfde aard. Indien ’n boete nie betaal word nie sal ’n student se klasbywoning opgeskort word en ’n sessie saam met die ouers deurgewerk word.

Reëls en grense wat betrekking het op studente se gedrag buite die amptelike Target Life konteks

Studente moet ten alle tyeTarget Life se naam hoog hou in die openbaar. Indien ’n student Target Life se naam oneer aandoen sal dit in ’n baie ernstige lig beskou word – **Klas 2**. Die betrokke student se baadjie sal ook teruggeneem word.

Rook: Rook is nie erger as ander sondes nie, maar dit is ’n openbare getuienis wat nie in lyn is met die beginsels wat *Target Life* voorstaan nie. Ons het die volgende probleme met rook:

- Elke student is ’n verteenwoordiger van *Target Life* terwyl hulle die kurus bywoon en rook ontneem ’n persoon van sy/haar Christelike getuienis.
- Rook is ’n verslawing en weerhou jou van die beste wat God vir jou het. Ons was gemaak om oor die plante te heers en nie andersom nie.
- Rook beskadig jou liggaam wat ’n tempel van die Heilige Gees is.

Ons is beried om met jou die pad te loop om op te hou rook as jy sou wou, maar intussen is die reëls daar om diegene te beskerm wat nie rook nie, sowel as diegene wat probeer om op te hou.

1. Indien ’n student nog rook moet hy/sy dit by die leierskap aanmeld en ten alle tye die 3 probleme wat Target Life met rook het uit sy/haar kop ken.

Reëls gedurende amptelike *Target Life* aangeleenthede (Dit sluit in klastye, kampe, uitreike of amptelike sosiale funksies in):

A. ’n Student mag onder geen omstandighede saam met of binne sigafstand van enige ander Target Life student rook nie – **Kwartaal 1 & 2: Boete van R50 wat met inkremente van R50 per oortreding toeneem. Kwartaal 3 & 4 klas 2.** *(Wanneer mense saamrook, sal nie een van hulle ooit kan ophou nie.)*
B. Studente mag nie op die Kerk se gronde, kommune erf of kampterreine rook nie – **Kwartaal 1 & 2: Boete van R50 wat met inkremente van R50 per oortreding toeneem. Kwartaal 3 & 4 klas 2.**

C. Indien ’n student wat nie met die aanvang van die kursus gerook het nie, begin rook, sal dit in ’n baie ernstige lig beskou word, omdat dit ’n vorm van rebellie is teen die beginsels wat in die program aangebied word – **klas 2 en jou ouers word in kennis gestel**.
D. *Hubly* word onder geen omstandighede in die kursustydperk (middel Januarie tot middel November) gerook nie. Hubly is afkomstig van midde-oosterse geloof en is selde sonder dwelm byvoegings – **Kwartaal 1 & 2: Boete van R100 wat met inkremente van R100 per oortreding toeneem. Kwartaal 3 & 4 klas 2.**

Drank: Ons het niks teen drankgebruik in die algemeen nie, maar ons proses noodsaak onthouding in die belang van almal se groei.

2. Enige vorm van drankmisbruik of dronkenskap sal in ’n baie ernstige lig beskou word – **klas 1 en jou ouers word in kennis gestel**.
3. Geen drank mag tydens die duur van die kursus gebruik word nie – **Kwartaal 1 & 2: Boete van R100 wat met inkremente van R100 per oortreding toeneem. Kwartaal 3 & 4 klas 2.** *(Die doel hiervan is om studente met ’n geskiedenis van drankmisbruik te help vrykom en om Target Life se naam in die openbaar te beskerm.)*

Daar sal wel in die geval van familie-aangeleenthede soos troues en familiefunksies ’n uitsondering gemaak word. Die leierskap moet voor die tyd hierin geken word.

Clubbing: *Clubbing* gaan meestal oor die “ou” vriende en ’n drink-kultuur. Indien ’n student se vriende hom/haar afskryf oor hulle nie saam kan gaan *club* nie, was hulle in die eerste plek nie vriende wat die student se belange op die hart het nie. Tydens die kursus is daar gulde geleentheid om nuwe vriende te maak.

4. *Clubbing* word onder geen omstandighede gedurende die jaar toegelaat nie en sluit in plekke soos Hatfield en ander wat uitgewys sal word, kroeë, plekke met ouderdomsbeperkings en *clubs*. Studente mag wel by ’n studio gaan dans – **Kwartaal 1 & 2: Boete van R100 wat met inkremente van R100 per oortreding toeneem. Kwartaal 3 & 4 klas 2.**

Spesiale toetstemming sal in die geval van sportspanne en 21ste verjaarsdagpartytjies verleen word. In die geval van vorige oortredings, sal daar egter geen toestemming verleen word nie.

Reëls wat daarop gemik is om studente te help om die Here se pad met verhoudings te loop

Verhoudings: *Target Life* is nie teen liefdesverhoudings nie, maar glo dat daar ’n bepaalde seisoen daarvoor is. Na 12 jaar se ondervinding, weet ons dat verhoudings wat tydens die kursus ontstaan, meer skade as goed doen, en daarom laat ons nie verhoudings toe nie.

Uitsondering: ‘n Bestaande verhouding wat reeds voor die *Target Life*-jaar gevestig was, sal toegelaat word, mits dit ’n positiewe, opbouende verhouding is. Indien leierskap agterkom dat daar manipulasie en seksuele sonde binne sodanige verhouding is, sal die verhouding gedaag word en die reëls dan volledig geld.

5. Geen verhoudings word met ’n persoon binne of buite die *Target Life*-groep aangeknoop tydens die kursus tydperk nie – **klas 3**. *(Indien ’n student verlief raak, kan hy/sy dit by ’n leier van keuse aanmeld en dit onder geen omstandighede met die persoon waarop hulle verlief is, bespreek nie. Die leierskap sal dit vertroulik hanteer en die student daardeur begelei. Dit werk elke keer reg uit wanneer dit so hanteer word.)*

Enige flirtasie sal in ’n ernstige lig beskou word – **Klas 3**. *(’n Student bedreig die welsyn van ’n medestudent wanneer hy/sy ’n versoeking daarstel.)*

Seksuele oortredings:

6. Enige vorm van betasting gedurende busritte, kampe of enige aktiwiteite gedurende die *Target Life*-jaar, sal in ’n baie ernstige lig beskou word (betasting – **klas 0**).
7. Seksuele omgang tussen studente op kusus of tussen ’n student en iemand buite die kursus, sal in ’n baie ernstige lig beskou word – **Klas 0**.

Reëls met betrekking tot die oortreding van landswette

Dwelms:

8. Die gebruik of besit van dwelms tydens die *Target Life*-jaar sal in 'n baie ernstige lig beskou word en kan tot betrekking van die SAP en onmiddellike skorsing lei – **Klas 0**. *(Wanner iemand in 'n groep deur die polisie met dwelms betrap word, word die hele groep in hegtenis geneem en die kursus of betrokke kommune kan onmiddellik gesluit word. Ons sal nie hierdie risiko verdra nie.)*

Diefstal:

9. Enige diefstal sal in 'n ernstige lig beskou word – **klas 0**.

Reëls met betrekking tot die gesindheid en verbintenis

10. Openlike rebellie – **klas 1**
11. Skinder – **klas 2**
12. Daag nie sonder 'n geldige verskoning vir klas of enige ander amptelike *Target Life*-aktiwiteit op nie – **klas 2.** *(Alle belangrike afsprake moet, indien moontlik, buite klastye gereël word. Afwesigheid as gevolg van siekte moet vroegoggend by die student se admin-leier aangemeld word.)*
13. Daag nie vir 'n kamp op nie. Kampe is totaal verpligtend en verskoning sal net op grond van geldige, mediese redes of dood in die naby familie, aanvaar word – **klas 0**.
14. Nie-bywoning van buite kurrikulêre aktiwiteite – **klas 4**.

Reëls met betrekking tot selfone en MP3-spelers

15. Geen selfoon-aktiwiteit word tydens klastyd toegelaat nie**. Boete van R50 wat met inkremente van R50 per oortreding toeneem.**
16. Geen MP3-spelers (insluitende 'n selfoon met oorfone) word op busse toegelaat nie en sal **afgeneem word.** *(Dit veroorsaak a-sosiale gedrag en ondermyn die groei van vriendskappe.)*

Reëls met betrekking tot werk na-ure

17. Elke student moet drie dae per week werk – **Gesprek saam met die ouers**. *(Werk as 'n kroegman word nie toegelaat nie. Promosies in clubs word nie toegelaat nie)*

Uitsondering: Studie of georganiseerde sport wat ten minste drie middae per week opneem.
Studies: bewyse van eksamens en taakinhandiging.

Reëls met betrekking tot die kommunes

- Een naweek per maand is 'n "in naweek".
- Geen twee persone van die teenoorgestelde geslag mag alleen in kamers kuier nie – **klas 2**.
- Inkomtye: Weeksaande om 22:00 en naweke om 00:00.
- Stilte na 21:00
- Geen vriende rook op die kommune-terrein nie.
- Geen vriende slaap oor nie.
- Studente wat wil oorslaap, moet 'n spesifieke reëling tref en daarvoor betaal.

Ander praktiese reëls

Kleredrag, klasgedrag en ander praktiese reëlings sal intern deurgegee word. Geen *body piercing* & *tattoos* word tydens die *Target Life*-jaar bygevoeg nie – **Klas 2**.

'N AFSKRIF VAN SKRIFTELIKE WAARSKUWINGS SAL AAN DIE OUERS / VOOGDE / BETALER / BORG DEURGEGEE WORD

4. OOREENKOMS

Ek (student se volle naam en van), ..., verklaar, onderneem en erken as volg:

1. Om die reëls en regulasies van Target Life na te kom en te onderhou.
2. Om elke leergeleentheid met ’n goeie gesindheid aan te gryp.
3. Om leiers en medestudente te alle tye te respekteer.
4. Om nie Target Life se naam met my openbare optrede op enige manier in gedrang te bring nie. Sulke gedrag sal insluit: dronkenskap, seksuele misdrywe, dwelmgebruik en bakleiery.
5. Om alle opdragte en projekte met entoesiasme aan te pak en met voortreflikheid uit te voer.
6. Om te kies om elke fasset van Target Life saam met my medestudente te geniet en af te sien van negatiewe spraak en skinder.
7. Om ’n beter verhouding met die Here na te jaag en inspraak van leierskap en medestudente met ’n leerbare gees te ontvang.
8. Om myself teenoor die groep oop te maak en in hulle lewens te belê.
9. Om alle konflikte op te los deur met vrymoedigheid en eerlikheid my saak te stel.
10. Om nie ’n medestudent te beïnvloed om die kursus se reëls te oortree nie.
11. Om te alle tye te laat weet as ek laat vir ’n klas gaan opdaag.
12. Om vroegtydig toestemming te vra indien ek nie ’n klas of aktiwiteit kan bywoon nie.

.....
Handtekening van student

Getuie 1 – Verwantskap: .....

Getuie 2 – Verwantskap: .....

5. VRYWARING

Die prosesse van Target Life neem studente buite hulle gemaksone om groei te bewerkstellig. Emosionele seerkry uit hulle verlede word ook aangespreek en dit kan tot verhoogde spanning en emosionaliteit lei.

Die deelname aan Target Life-kampe kan intens en vermoeiend wees. Dit kan lang busritte, lang loopafstande en uitputtende fisiese aktiwiteite insluit. Goeie geriewe is nie altyd beskikbaar nie. Dit behels ook ’n verandering in dieet en waterverbruik.

Die betrokkenheid by Target Life mag vereis dat ‘n student tydens sekere aangeleenthede binne Pretoria van eie vervoer gebruik moet maak (hetsy persoonlik of saam met ander studente). Elke student is bewus van die risiko’s en gevare in die geval van ’n motorvoertuigongeluk asook hul betrokkenheid daarby. Dus is die gebruik van bogenoemde vervoer vrywillig en word die bestuurder sowel as Target Life onvoorwaardelik en sonder enige voorbehoude van die risiko’s gevrywaar.

Die betaler / borg / student doen hiermee afstand van enige eise van enige aard teen Target Life, onder die beskerming van Lewende Woord, wat ek, my erfgename, afhanklikes, administrateurs, eksekuteurs, mag hê as gevolg van openbare geweld, politieke oproer, arrestasie, deportasie of enige rede vir ‘n aanval, nalate, ongeluk, siekte en/of enige beserings en/of verlies van of skade aan besittings of enige gevolglike verlies van enige aard of oorsaak hoegenaamd, wat mag ontstaan gedurende of voortspruitend uit my betrokkenheid by Target Life.

6. ALGEMEEN

Hierdie ooreenkoms, ingesluit die aansoekvorms, behels die volle wettige kontrak tussen die partye rakende die Target Life kursus en enige verandering of nuwe ooreenkoms sal slegs van krag wees indien dit deur albei partye onderteken is.

VIR TARGET LIFE:

Geteken te **PRETORIA** hierdie **20DE** dag van **JANUARIE 2012**

_____
Namens Target Life wat waarborg dat hy/ sy volle outoriteit het om te teken die institusie

Volle name:

I.D. Nr.:

Pos:

VIR DIE BETALER / BORG:

Geteken te _____hierdie _____dag van _____20___

_____
Betaler / borg

Volle name: _____

I.D. Nr.: _____

Verwantskap: _____

_____
Gade

Volle name: _____

I.D. Nr.: _____